18 Augustus 2021

NUUSBRIEF 1

TERUGVOER RAKENDE OLV WERKSAAMHEDE

Geagte Lede

Een van die uitdagendste faktore met die stigting van enige organisasie is om te verseker dat die fondasie reg gelê word. Dit is tog die kern waarop aksies, projekte en werksaamhede van die toekoms gebou gaan word.

So was dit ook met die Orania Landbouvereniging die geval die afgelope jaar sedert sy stigtingsvergadering in Augustus 2020.

Met die eerste ontmoeting van belanghebbendes was die probleem duidelik; Orania moet so ver moontlik sy eie voedsel produseer en die gemeenskap voed. Die groot vraag was egter, “Wat en Hoe”?

Dit was die taak van die eerste amptelike bestuur om hierdie skip aan’t vaar te kry en die fondasie te lê vir die toekoms van die Vereniging.

Inligting het die afgelope jaar die swaarste gewig gedra en moes ons sover moontlik hierdie wat en hoe bepaal van produksie en voedselvoorsiening in Orania, asook moet ‘n maatstaf bepaal word om die suksesse (of mislukkings) oor tyd aan te meet.

Daar is 4 opnames (vir nou) waarop toekomstige aksies en projekte gebou gaan word, nl:

1. Die Orania Voedselmandjie wat maandeliks bygehou word om voedselinflasie van basiese items in Orania te volg;

2. Die Orania Verbruikersopname wat een maal per jaar voltooi word en waarvan die eerste reeds afgehandel is in Februarie 2021. Hiermee het ons die varsprodukte en vleis voorkeure en aankope van Oraniërs bepaal.

3. Die Orania Produsente Opname wat een maal per jaar afgehandel word en waarvan die eerste reeds afgehandel is in Junie 2021. Hiermee het ons huidige en ontwikkelende produksie voorkeure van Oraniërs bepaal.

4. Die Orania Bekostigbaarheidsindeks is die vierde opname wat geteiken word om af te skop in September 2021. Hiermee wil ons ‘n maatstaf kry waarteen ons suksesse of mislukkings van ons projekte kan bepaal. Ons sien uit na hierdie eerste vir die Vereniging.

Bestuurskomitee
G. Kotzé (Voorsitter); H. Snyman (Penningmeester); JP. Combrink (Sekretaris);
J. Beyers; P. Loots; G. Schutte.
Posadres: PO Box 437 Orania 8752
Fisiese Adres: Artion Gebou, Stokkiesdraaipark, Orania, 8752
Tel: 073 104 9649 ; E-pos: voorsitter@oranialandbou.co.za

Orania
Landbouvereniging
Landbou -die sleutel tot selfstandigheid

Tot dusver wil ons ons dank uitspreek aan elkeen van ons lede wat bygedra het tot die werksaamhede van die Vereniging, asook aan elke skenker en donateur. Ons dank gaan ook uit aan elke deelnemer en onderneming wat ons met ope arms ontvang het met die insameling van die nodige data.

Van hier af begin die groot werk. Projekte wat in lyn is met die inligting tot ons beskikking moet nou geloots word en ons sien daarna uit om daarmee besig te raak.

Die volgende aksies waarna u kan uitsien is:

1. Inligting- en voorligting geleenthede in diere voeding en gesondheid.
2. Nege verskillende pakette vir varsprodukte produksie in Orania.
3. Samewerking met die Boer tot Bord projek in die vestiging van verwerkingsaanleg en afsetpunte vir produsente.
4. ‘n Orania Boeremark.
5. Finansieringsmoontlikhede en subsidies aan produsente.

Die ontwikkeling en sukses van die Orania Landbouvereniging gaan afhang van die ondersteuning van ons lede en die Orania gemeenskap. Daarom moedig ons elke lid aan om vol te hou met hul ondersteuning, maar ook om mede-Oraniërs aan te moedig om lidmaatskap op te neem in ons Vereniging. Daarsonder sal dit nie moontlik wees vir Orania om voedselsekerheid en voedselbekostigbaarheid te bewerkstellig nie.

Teken gerus ook in u dagboek aan dat ons beoog om ons Algemene Jaarvergadering van lede te hou op Donderdag, 30 September 2021. Verdere inligting hieroor sal nog aan ons lede versprei word.

Onthou ook dat die OLV se eie regstreekse radio program, Dorsvloer, elke Woensdagaand om 19:30 op Radio Orania uitsaai waar ons landbou- en verbruikersake gesels, asook om die werksaamhede van die OLV deur te gee aan die gemeenskap.

Inligting, Verslae en opnames kan ook op ons webblad afgelaai, gelees en geluister word. Deel gerus ook met u vriende en familie: www.oranialandbou.co.za

Moet ook nie huiwer om ons te kontak indien u enige navrae het nie.

Landbougroete

Gerhard Kotzé

Voorsitter

Bestuurskomitee
G. Kotzé (Voorsitter); H. Snyman (Penningmeester); JP. Combrink (Sekretaris);
J. Beyers; P. Loots; G. Schutte.
Posadres: PO Box 437 Orania 8752
Fisiese Adres: Artion Gebou, Stokkiesdraaipark, Orania, 8752
Tel: 073 104 9649 ; E-pos: voorsitter@oranialandbou.co.za